



JENN

Training and Consultancy

The path to enlightened education

VAK: WISKUNDE

GRAAD 12



2026 WINTER KLASSE

ONDERWYSER EN LEERDER INHOUDSHANDLEIDING

Onderwerp(e)

FUNKSIES EN GRAFIEKE

IKOON BESKRYWING

 BREINKAART	 EKSAMEN RIGLYN	 INHOUD	 AKTIWITEITE
 BIBLIOGRAFIE	 TERMINOLOGIE	 UITGEWERKTE VOORBEELDE	 STAPPE



INHOUD

BLADSY

FUNKSIES EN GRAFIEKE

A) INHOUD EN VOORBEELDE

4 – 38

B) AKTIWITEITE

39 – 45

BYLAAG A: INLIGTINGSBLAD

46

BYLAAG B: EKSAMENRIGLYNE

47

BIBLIOGRAFIE

48

FUNKSIES EN GRAFIEKE

Oorsig:

1. Hersien werk oor die invloed van die parameters a en q en ondersoek die invloed van p op die grafieke van die funksies gedefinieer deur: 1.1. $y = f(x) = a(x + p)^2 + q$ 1.2. $y = f(x) = \frac{a}{x + p} + q$ 1.3. $y = f(x) = ab^{x+p} + q$ waar $b > 0, b \neq 1$	2. Ondersoek numeries die gemiddelde gradiënt tussen twee punte op 'n kurwe en ontwikkel 'n intuitiewe begrip van die konsep van die helling van 'n kromme by 'n punt.	1. Definisie van 'n funksie. 2. Algemene konsep van die inverse van 'n funksie en hoe dit nodig mag wees om die gebied van die funksie te beperk (om 'n een-tot-een funksie te kry) om te verseker dat die inverse 'n funksie is. 3. Bepaal en skets die grafieke van die inverses van die funksies gedefinieer deur $y = ax + q; y = ax^2$ $y = b^x; (b > 0, b \neq 1)$ Fokus op die volgende eienskappe: Die gebied en die terrein, afsnitte met die asse, draaipunte, minimum en maksimum, waarders, asimptote (horisontale en vertikale), vorm en simmetrie, gemiddelde gradiënt (gemiddelde tempo van verandering), intervale waarop die funksie toeneem/afneem.
--	---	---

(BRON: KURRIKULUM – EN - ASSESSERINGBELEIDSVERKLARING(KABV) VOO fase GRADE (10 – 12) WISKUNDE)

Belangrike terminologie

Definisieversameling (Gebied) : die stel moontlike x -waardes	} Vir alle funksies
Waardeversameling (Terrein) : die stel moontlike y -waardes	
Simmetrie-as : 'n denkbeeldige lyn wat die grafiek in twee spieëlbeelde van mekaar deel.	} Sien die hiperbool en parabool
Maksimum: die hoogste moontlike y -waarde van 'n funksie	
Minimum: die laagste moontlike y -waarde van 'n funksie	} Sien die parabool
Asimptoot: 'n denkbeeldige lyn wat 'n grafiek nader maar nooit raak nie.	
Draaipunt: Die punt waar 'n grafiek sy maksimum of minimum bereik en van rigting verander	} Sien die hiperbool en eksponensiale funksie
	} Sien die parabool

Die konsepte van toename en afname in funksies: alle funksies : all functions

- Die funksie NEEM TOE wanneer die waarde van y toeneem soos die waarde van x toeneem van links na regs
 - DIE GRAFIEK GAAN OP**
- Die funksie NEEM AF wanneer die waarde van y afneem soos die waarde van x toeneem van links na regs
 - DIE GRAFIEK GAAN AF**

AFDELING 1: LINEÛRE FUNKSIE (REGUIT LYN)

Die grafiek van $y = mx + c$

Standaardvorm van
lineêre funksie

WAAR

$m = \text{gradiënt}$


Wanneer $m > 0$ (**gradiënt is positief**) en
 $m < 0$ (**gradiënt is negatief**)

Definisieversameling (Gebied) : $x \in R$

Waardeversameling (Terrein) : $y \in R$

Vorm


Positiewe Helling



Wanneer $m > 0$

1. Die gradiënt is positief
2. Die funksie is toenemend

Negatiewe Helling



Wanneer $m < 0$

3. Die gradiënt is negatief
4. Die funksie is dalend /
neem af

Voorbeeld 1

Skets die grafiek van $y = 2x - 1$ en bepaal die Definisie- en Waardeversamelings van die funksie, en meld of die funksie toenemend of dalend is.

Oplossing

x – afsnit: stel $y = 0$

$$0 = 2x - 1$$

$$-2x = -1$$

$$x = \frac{1}{2}$$

$$\therefore \left(\frac{1}{2}; 0\right)$$

y – afsnit: stel $x = 0$


$$y = 2(0) - 1$$

$$y = -1$$

$$\therefore (0; -1)$$

Gebied: $x \in R$

Terrein: $y \in R$




Die funksie is toenemend


Voorbeeld 2

Determine the equations of the following graphs:

1.



2.



Oplossings

1.

$$a = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$$

$$= \frac{-1 - 0}{1 - 2}$$

$$a = 1$$

$$\therefore y = 1x + c$$

$$0 = 1(2) + c$$

$$c = -2$$

$$y = x - 2$$

2.

$$a = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$$

$$= \frac{2 - 0}{-1 - 0}$$

$$a = -2$$

$$\therefore y = -2x + c$$

$$0 = -2(0) + c$$

$$c = 0$$

$$y = -2x$$

AFDELING 2: HIPERBOLIESE FUNKSIE (HIPERBOOL)

Die grafiek van $y = \frac{a}{x+p} + q$ • • • • • Standaardvorm van hiperbool

neem kennis dat: $y = \frac{2}{x-2} + 1$

$$= \frac{2}{x + (-2)} + 1$$


Die vergelykings van die asimptote is: $x = -p$ (vertikale asimptoot) en $y = q$ (horisontale asimptoot)

Definisieversameling (Gebied) : $x \in R, x \neq -p$


Waardeversameling (Terrein) : $y \in R, y \neq q$

Vorm

As $a > 0$ dan neem die grafiek af vir alle $x < 0$ of $x > 0$



As $a < 0$ dan neem die grafiek toe vir alle $x < 0$ of $x > 0$



Die vergelykings van die simmetrie-asse

Die hiperbool het twee vergelykings vir simmetrie

$m = 1$	$m = -1$
$y = x + c$	$y = -x + c$

N.B Die grafieke van die simmetrie-asse van die hiperbool gaan deur die snypunt van die asimptote, $(-p; q)$.

In die algemeen vir die hiperbool, word die vergelykings van die simmetrie-asse deur die volgende formules gegee:

$m = 1$	$m = -1$
$y = (x + p) + q$	$y = -(x + p) + q$
$\therefore y = x + p + q$	$\therefore y = -x - p + q$

NB – Maak seker dat die hiperbool in standaardvorm is voordat formule toegepas word

Voorbeeld 1

Skets die grafiek van $y = \frac{10}{x+2} - 3$, skryf die gebied en terrein van die funksie neer, en skryf die vergelykings van die asimptote neer. Meld of die grafiek stygend/toenemend of dalend/afnemend is. Laastens, bepaal die vergelyking van die simmetrie-as met 'n positiewe gradiënt.


Oplossings

Die asimptote is $x = -2$ en $y = -3$ (Dit word gelees vanaf die vergelyking)

x-afsnit: Laat/Stel: $y = 0$

$$0 = \frac{10}{x+2} - 3 \therefore 10 = 3(x+2) \therefore 3x = 4 \therefore x = \frac{4}{3}$$

y-afsnit: stel $x = 0$ $y = \frac{10}{0+2} - 3 = 5 - 3 = 2$



Grafiek nie volgens skaal geteken nie.

Gebied: $x \in R, x \neq -2$

Terrein: $y \in R, y \neq -3$

Die funksie neem af / dalend

Vergelyking van die simmetrie-as met positiewe gradiënt:

$$y = x + c$$

$$-3 = -2 + c$$

$$c = -1$$

$$\therefore y = x - 1$$

Voorbeeld 2

Skets die grafiek van $y = -1 - \frac{8}{x-4}$, en skryf die gebied en terrein van die funksie neer. Bepaal die vergelyking van die simmetrie-as met 'n negatiewe gradiënt.

Oplossing

Hierdie vergelyking kan ook geskryf word as $y = \frac{-8}{x-4} - 1$

Asimptote: $x = 4$ en $y = -1$


y-afsnit: stel $x = 0$: $y = -1 - \frac{8}{0-4} = -1 + 2 = 1$

x-afsnit: stel $y = 0$:

$$0 = -1 - \frac{8}{x-4} \quad \therefore (x-4) = -8 \quad \therefore x = -4$$

Standaardvorm
van hiperbool

Die hiperbool sal soos volg lyk:



Grafiek nie volgens skaal geteken nie

Gebied: $x \in R, x \neq 4$

Terrein: $y \in R, y \neq -1$

Die funksie neem toe / stygend

Vergelyking van die simmetrie-as met negatiewe gradiënt:

$$y = -x + c$$

$$-1 = -(4) + c$$

$$c = 3$$

$$\therefore y = -x + 3$$

Voorbeeld 3


Bepaling van die vergelyking van 'n hiperbool wanneer die grafiek gegee is.

Stap 1: Die posisie van die asimptote gee ons die waardes van p en q in

$$y = \frac{a}{x+p} + q$$

Stap 2: Om die waarde van a te bepaal, vervang ons enige punt op die grafiek in die vergelyking.

Voorbeeld: Die grafiek van $y = \frac{a}{x+p} + q$ is hieronder geskets. Bepaal die waardes van a , p en q .



Vanaf die grafiek sien ons dat, $p = 2$ en $q = -3$

Die vergelyking word dan: $y = \frac{a}{x+2} - 3$

Vervanging van $(0 ; -6)$ of enige ander punt op die grafiek in die vergelyking gee:

$$-6 = \frac{a}{0+2} - 3 \quad \therefore -12 = a - 6 \quad \therefore a = -6$$

$$\therefore y = -\frac{6}{x+2} - 3$$

NB – die funksie neem toe / stygend

AFDELING 3: KWADRATIESE FUNKSIE (PARABOOL)


Die grafiek van $y = a(x + p)^2 + q$

As a positief is, d.w.s $a > 0$, dan is die vorm van die grafiek ☺



Minimum
draaipunt

As a negatief is, d.w.s $a < 0$, dan is die vorm van die grafiek ☹



Maximum
draaipunt

Die grafiek het 'n simmetrie-as by $x = -p$

Die grafiek het 'n draaipunt by $(-p; q)$

Gebied: $x \in R$

Terrein: $y \geq q$ ☺ (**WANNEER, $a > 0$**)

of

$y \leq q$ ☹ (**WANNEER, $a < 0$**)

NB

1. q is die minimum van die parabool wanneer $a > 0$

2. q is die maksimum van die parabool wanneer $a < 0$

NB – Die parabool verander van stygend na dalend of dalend na stygend by die draaipunt.

wanneer, $a > 0$

1. Die grafiek neem toe (stygend) vir: $x > -p$

2. Die grafiek neem af (dalend) vir: $x < -p$

wanneer, $a < 0$

1. Die grafiek neem toe (stygend) vir: $x < -p$

2. Die grafiek neem af (dalend) vir: $x > -p$

Die kwadratiese funksie kan ook in die volgende vorm voorgestel word:

$$y = f(x) = ax^2 + bx + c$$

Standardvorm van
parabool

Die grafiek van $y = ax^2 + bx + c$

As a positief is, d.w.s $a > 0$, dan is die vorm van die grafiek ☺

Minimum
draaipunt

As a negatief is, d.w.s $a < 0$, dan is die vorm van die grafiek ☹

Maximum
draaipunt

Die grafiek het simmetrie-as by: $x = -\frac{b}{2a}$

Die grafiek het draaipunt by $(-\frac{b}{2a}; f(-\frac{b}{2a}))$

Gebied: $x \in R$

Terrein: $y \geq f(-\frac{b}{2a})$ ☺ (**WANNEER, $a > 0$**)

of

$y \leq f(-\frac{b}{2a})$ ☹ (**WANNEER, $a < 0$**)

NB

1. $f(-\frac{b}{2a})$ is die minimum van
die parabool wanneer, $a > 0$

2. $f(-\frac{b}{2a})$ is die maksimum van
die parabool wanneer, $a < 0$

Voorbeeld 1

Skets die grafiek van $f(x) = x^2 - 5x - 6$, toon die draaipunt en afsnitte met die asse duidelik aan. Gee ook die interval waar die funksie stygend is en waar die funksie dalend is. Bepaal, laastens, die gebied en terrein van $f(x) = x^2 - 5x - 6$.

Oplossing

Skets die grafiek van $f(x) = x^2 - 5x - 6$

1. y-afsnit

$$f(0) = -6$$

Daarom is die koördinate van die y-afsnit $(0; -6)$

2. x-afsnit

$$x^2 - 5x - 6 = 0$$

$$(x - 6)(x + 1) = 0$$

$$x = 6 \quad \text{of} \quad x = -1$$

$$(6; 0) \text{ en } (-1; 0)$$


3. Simmetrie-as

$$\begin{aligned} x &= -\frac{b}{2a} \\ &= \frac{-(-5)}{2(1)} \\ &= \frac{5}{2} \end{aligned}$$

4. Draaipunt

$$\begin{aligned} f\left(\frac{5}{2}\right) &= \left(\frac{5}{2}\right)^2 - 5\left(\frac{5}{2}\right) - 6 \\ &= -12\frac{1}{4} \\ \therefore TP &\left(\frac{5}{2}; -12\frac{1}{4}\right) \end{aligned}$$

5. Sketsgrafiek



6. Die interval waar die grafiek stygend is / toeneem

$$x > \frac{5}{2}$$

Die interval waar die grafiek dalend is / afneem

$$x < \frac{5}{2}$$

7. Gebied : $x \in R$

$$\text{Terrein : } y \geq -\frac{49}{4}$$

Bepaal die vergelyking van 'n kwadratiese funksie

Gegee die x -afsnit en een punt	Gegee die draaipunt en een punt
• Gebruik die formule: $y = a(x - x_1)(x - x_2)$. • Vervang die waardes van die x-afsnitte. • Vervang die gegewe punte wat nie die x-afsnit is nie. • Los op vir a. • Skryf die vergelyking in die vorm $f(x) = ax^2 + bx + c$.	• Gebruik die formule: $y = a(x + p)^2 + q$. • Vervang die koördinate van die draaipunt $(p; q)$. • Vervang die gegewe punt • Los op vir a. • Skryf die vergelyking in die vorm $y = a(x + p)^2 + q$ of $f(x) = ax^2 + bx + c$ afhangende van die instruksie in die vraag.
Gegee die koördinate van drie punte op die parabool	
• Gebruik die formule: $y = ax^2 + bx + c$. • Een van die gegewe punte is die y-afsnit, daarom is c gegee, vervang dus sy waarde. • Vervang die koördinate van die ander twee punte in $y = ax^2 + bx + c$. • Los die twee vergelykings gelyktydig op vir a en b.	

BRON: Mind The Gap Wiskunde Studiegids

Voorbeeld 2

Bepaal die vergelyking van die parabool in die vorm $f(x) = ax^2 + bx + c$.

$$y = a(x - x_1)(x - x_2)$$

$$\therefore y = a(x - (-3))(x - 4)$$

$$\therefore y = a(x + 3)(x - 4)$$

Vervang $(2; -20)$ om die waarde van a te vind

$$-20 = a(2 + 3)(2 - 4)$$

$$\therefore -20 = a(5)(-2)$$


$$\therefore -20 = -10a$$

$$\therefore a = 2$$

$$\therefore y = 2(x + 3)(x - 4)$$

$$\therefore y = 2(x^2 - x - 12)$$

$$\therefore f(x) = 2x^2 - 2x - 24$$



Voorbeeld 3

Bepaal die vergelyking van g in die vorm $y = ax^2 + bx + c$

Die simmetrie-as word gegee deur $x = -1$

$$\therefore x + 1 = 0$$

Vanaf die werk op parabole, is dit duidelik dat die uitdrukking $x + 1$ is in die hakies van die vergelyking vir 'n parabool.

Verder is die waarde van $q = 8$ (die y -waarde van die draaipunt)

$$\therefore y = a(x + 1)^2 + 8$$

Vervang nou die punt $(2; -10)$ wat op die grafiek van die parabool lê in.

$$-10 = a(2 + 1)^2 + 8$$

$$\therefore -18 = a(3)^2$$

$$\therefore -18 = 9a$$


$$\therefore a = -2$$

$$\therefore y = -2(x + 1)^2 + 8$$

$$\therefore y = -2(x^2 + 2x + 1) + 8$$

$$\therefore y = -2x^2 - 4x - 2 + 8$$

$$\therefore y = -2x^2 - 4x + 6$$



AFDELING 4: EKSPONENSIALE FUNKSIE





Standaardvorm
van eksponensiale
funksie

Die grafiek van $y = a \cdot b^{x+p} + q$; waar $b > 0$ en $b \neq 1$

Die vergelyking van die asimptoot is: $y = q$ (*horisontale asimptoot*)

Gebied: $x \in \mathbb{R}$

Terrein: $y > q$ [as $a > 0$] of $y < q$ [as $a < 0$]

$a > 0$ en $b > 1$	$a < 0$ en $b > 1$
Die grafiek lê bo die horisontale asimptoot en is 'n stygende funksie.	Die grafiek lê onder die horisontale asimptoot en is 'n dalende funksie.
	
$a > 0$ en $0 < b < 1$	$a < 0$ en $0 < b < 1$
Die grafiek lê bo die horisontale asimptoot en is 'n dalende funksie.	Die grafiek lê onder die horisontale asimptoot en is 'n stygende funksie.
	

(BRON: MATHS MADE EASY – A comprehensive guide to Grade 12 Mathematics)

Voorbeeld 1

Skets die grafiek van $y = 2\left(\frac{1}{2}\right)^{x+1} - 4$

Horisontale asimptoot: $y = -4$

x-afsnit: stel $y = 0$


$$0 = 2\left(\frac{1}{2}\right)^{x+1} - 4 \therefore \left(\frac{1}{2}\right)^{x+1} = 2$$

$$\left(\frac{1}{2}\right)^{x+1} = \left(\frac{1}{2}\right)^{-1}$$

$$\therefore x+1 = -1 \quad \therefore x = -2$$

y-afsnit: stel $x = 0$

$$y = -3$$



NB: Die funksie is dalend / neem af

Voorbeeld 2

Kom on kyk na 'n tweede voorbeeld, $y = 3 \cdot (3)^{x-2} + 1$

Horisontale asimptoot: $y = 1$

$$0 = 3 \cdot (3)^{x-2} + 1$$


x-afsnit: $\therefore 3(3)^{x-2} = -1$

$\therefore$ Geen x-afsnit(te)

y-afsnit: stel $x = 0$

$$y = \frac{4}{3}$$

NB – Die funksie is stygend / neem toe



Bepaling van die vergelyking van 'n eksponentiale funksie

Voorbeeld 3

Bepaal die vergelyking van : $g(x) = b^{x+1} + q$

Horisontale asimptoot: $y = -2$

Daarom is die waarde van $q = -2$

$$\therefore y = b^{x+1} - 2$$

Vervang nou die punt $(-3 ; 2)$ in die vergelyking om b te kry.

$$2 = b^{-3+1} - 2$$

$$\therefore 4 = b^{-2}$$

$$\therefore 4 = \frac{1}{b^2}$$

$$\therefore 4b^2 = 1$$

$$\therefore 4b^2 - 1 = 0$$


$$\therefore (2b+1)(2b-1) = 0$$

$$\therefore b = -\frac{1}{2} \quad \text{or} \quad b = \frac{1}{2}$$

$$\text{But } b \neq -\frac{1}{2}$$

$$\therefore b = \frac{1}{2}$$

Daarom is die vergelyking: $g(x) = \left(\frac{1}{2}\right)^{x+1} - 2$



Neem kennis:

Omdat $b > 0$, kon jy die vergelyking

$4b^2 = 1$ soos volg opgelos het.

$$4b^2 = 1$$

$$\therefore b^2 = \frac{1}{4}$$

$$\therefore b = \frac{1}{2}$$

TRANSFORMASIE VAN FUNKSIES

REFLEKSIES EN TRANSLASIES

Gegee: $f(x) = \frac{2}{x+1} - 3$	Gegee: $f(x) = 2 \cdot 3^{x-2} + 4$	Gegee: $f(x) = x^2 + 5x + 6$
a. Die grafiek van $g(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$, 2 eenhede op en 3 eenhede na links te skuif. Bepaal die vergelyking van $g(x)$. Oplossing $g(x) = f(x + 3) + 2$ $= \frac{2}{x+3+1} - 3 + 2$ $= \frac{2}{x+4} - 1$	a. Die grafiek van $g(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$, 2 eenhede op en 3 eenhede na links te skuif. Bepaal die vergelyking van $g(x)$. Oplossing $g(x) = f(x + 3) + 2$ $= 2 \cdot 3^{x+3-2} + 4 + 2$ $= 2 \cdot 3^{x+1} + 6$	a. Die grafiek van $g(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$, 2 eenhede af en 3 eenhede na regs te skuif. Bepaal die vergelyking van $g(x)$. Oplossing $g(x) = f(x - 3) - 2$ $= (x - 3)^2 + 5(x - 3) + 6 - 2$ $= x^2 - 6x + 9 + 5x - 15 + 4$ $= x^2 - x - 2$
b. Die grafiek van $h(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$ in die $x - as$ te reflekteer. Bepaal die vergelyking van $h(x)$. Oplossing $h(x) = -f(x)$ $= -\left(\frac{2}{x+1} - 3\right)$ $= -\frac{2}{x+1} + 3$	b. Die grafiek van $h(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$ in die $x - as$ te reflekteer. Bepaal die vergelyking van $h(x)$. Oplossing $h(x) = -f(x)$ $= -(2 \cdot 3^{x-2} + 4)$ $= -2 \cdot 3^{x-2} - 4$	b. Die grafiek van $h(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$ in die $x - as$ te reflekteer. Bepaal die vergelyking van $h(x)$. Oplossing $h(x) = -f(x)$ $= -(x^2 + 5x + 6)$ $= -x^2 - 5x - 6$
c. Die grafiek van $m(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$ in die $y - as$ te reflekteer. Bepaal die vergelyking van $m(x)$. Oplossing $m(x) = f(-x)$ $= \frac{2}{-x+1} - 3$ $= \frac{2}{-(x-1)} - 3$ $= -\frac{2}{x-1} - 3$	c. Die grafiek van $m(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$ in die $y - as$ te reflekteer. Bepaal die vergelyking van $m(x)$. Oplossing $m(x) = f(-x)$ $= 2 \cdot 3^{-x-2} + 4$ $= 2 \cdot 3^{-(x+2)} + 4$ $= 2 \cdot \left(\frac{1}{3}\right)^{x+2} + 4$	c. Die grafiek van $m(x)$ word verkry deur die grafiek van $f(x)$ in die $y - as$ te reflekteer. Bepaal die vergelyking van $m(x)$. Oplossing $m(x) = f(-x)$ $= (-x)^2 + 5(-x) + 6$ $= x^2 - 5x + 6$

AFDELING 5: INVERSE FUNKSIES

Die konsep van 'n funksie.

'n Funksie, f word gedefinieer as 'n verwantskap tussen waardes, waar elke invoer waarde op een uitvoer waarde afbeeld.

In ander woorde, vir 'n vergelyking om 'n funksie genoem te word, kan daar slegs een y -waarde vir 'n sekere x -waarde wees.

Daar is twee tipes funksies:

1. Een-tot-Een Funksies
2. Baie-tot-Een Funksies

EEN-TOT-EEN FUNKSIES

'n Een-to-Een funksie is 'n funksie waar daar 'n enkele y -waarde vir 'n sekere x -waarde is.

BAIE-TOT-EEN FUNKSIES

'n Funksie kan nie meer as een y -waarde vir elke x -waarde het nie. 'n Funksie kan egter meer as een x -waarde vir 'n sekere y -waarde het. Dit staan bekend as baie-tot-een funksies.

VERTIKALE LYN TOETS

Om te toets of 'n grafiek 'n funksie is, gebruik die vertikale lyn toets. As 'n vertikale lyn ('n lyn ewewydig aan die y -as) die grafiek by meer as een plek sny, is die grafiek nie 'n funksie nie. Jy hoef nie die lyn te teken/trek nie, hou net 'n liniaal ewewydig aan die y -as, en beweeg dit van links na regs. As die liniaal die grafiek meer as eenkeer raak vir 'n enkele x -waarde, enige plek op die grafiek, dan is die grafiek nie 'n funksie nie. In die geval waar die grafiek nie 'n funksie is nie, word dit 'n relasie genoem.

HORISONTALE LYN TOETS


As 'n grafiek die vertikale lyn toets slaag is dit 'n funksie. Die horisontale lyn toets kan gebruik word om te bepaal watter tipe funksie dit voorstel.

As 'n horisontale lyn ('n lyn ewewydig aan die x -as) geteken/getrek word en op en af geskuif word en die grafiek meer as een plek raak, is dit 'n baie-tot-een funksie. (baie x -waardes tot 'n enkele y -waarde. Anders is dit 'n een-tot-een funksie.


(BRON: MATHS MADE EASY – A comprehensive guide to Grade 12 Mathematics)

Voorbeelde


Bepaal of die volgende relasies funksies is of nie. Indien die grafiek 'n funksie is, bepaal of die funksie een-tot-een of baie-tot-een is.




een-tot-een funksie




een-tot-een funksie




baie-tot-een funksie



baie-tot-een funksie



een-tot-een funksie



nie 'n funksie nie

(BRON: Mind Action series Mathematics12 Textbook and Workbook)

Inverse Funksie

- Die inverse van 'n funksie neem die y-waardes (terrein) van die funksie na die ooreenkomstige x-waardes (gebied) van die funksie en omgekeerd. Daarom word die x- en y-waardes omgeruil.
- Die funksie is gereflekteer om die lyn $y = x$ om die inverse te vorm.
- Die notasie vir die inverse van 'n funksie is f^{-1} .
- NB – Die gebied van die inverse is die terrein van die funksie en die terrein van die inverse is die gebied van die funksie.
- Wanneer die funksie toeneem/styg, dan is die inverse ook toenemend/stygend. Wanneer die funksie afneem/daal, dan is die inverse ook afnemend/dalend.

Inverse funksie : Lineêr ($y = ax + q$)

Voorbeeld 1

Gegee: $f(x) = 2x + 6$

1. Bepaal $f^{-1}(x)$
2. Skets die grafieke van $f(x)$ en $f^{-1}(x)$ en $y = x$ op dieselfde assestelsel.

Oplossing

1. Ten einde die inverse van 'n funksie te kry is daar twee stappe.

Stap 1: Ruil die x en y om

$$y = 2x + 6$$

$$\text{word } x = 2y + 6$$

Ons herskryf dan die vergelyking om y die onderwerp van die formule te maak.

Stap 2: Maak y die onderwerp van die formule.


$$x = 2y + 6$$

$$x - 6 = 2y$$

$$\text{So } y = \frac{1}{2}x - 3$$

Ons kan dus sê dat die inverse funksie is:

$$f^{-1}(x) = \frac{1}{2}x - 3$$



Inverse funksie : Kwadratiese ($y = ax^2$)

Voorbeeld 2

- (a) Skets $f(x) = 2x^2$
(b) Bepaal die inverse van $f(x)$
(c) Skets $f^{-1}(x)$ en $y = x$ op dieselfde assestelsel as $f(x)$.

OPLOSSING


Solution

1. b) $y = 2x^2$

$$x = 2y^2 \quad \checkmark$$

$$y = \pm \sqrt{\frac{x}{2}} \quad \checkmark$$

- Hierdie is nie 'n funksie nie.
- Ondersoek dit met die vertikale lyn toets. Daar is twee y -waardes vir een x -waarde
- Nie alle inverses van funksies is ook funksies nie. Sommige inverses is relasies.
- Indien 'n inverse nie 'n funksie is nie, dan kan ons die gebied van die funksie beperk, sodat die inverse ook 'n funksie is.



- Om die inverse 'n funksie te maak, moet ons 'n stel x -waardes in die funksie kies en slegs daarmee werk. Ons noem dit "**beperking van die gebied**".
- 'n een-tot-een funksie se inverse is ook 'n funksie.
- Byvoorbeeld: $y = 3x + 4$ is 'n een-tot-een funksie. Vir elke x -waarde is daar slegs een y -waarde.
- 'n Baie-tot-een funksie se inverse is nie 'n funksie nie. Ons kan egter die gebied van die funksie beperk sodat die inverse ook 'n funksie is.
Byvoorbeeld: $y = 2x^2$ is 'n baie-tot-een funksie. Vir twee of baie x -waardes is daar slegs een y -waarde. (as $x = 2$ dan is $y = 8$ / as $x = -2$ dan is $y = 8$)
Daarom is die inverse : $y = \pm \sqrt{\frac{x}{2}}$ nie 'n funksie nie.
- Om te kyk/uit te vind of 'n grafiek 'n funksie is, teken 'n vertikale lyn. Indien die vertikale lyn die grafiek slegs by een plek sny, dan is die grafiek 'n funksie. Indien enige vertikale lyn die grafiek by meer as een plek sny, dan is die grafiek nie 'n funksie nie.

- Om te kyk/uit te vind of dit een-tot-een of baie-tot-een funksie is, teken 'n horisontale lyn. As enige horisontale lyn die grafiek slegs eenkeer sny, is dit 'n een-tot-een funksie. As enige horisontale lyn die grafiek by meer as een plek sny, dan is die grafiek 'n baie-tot-een funksie.

Voorbeeld 3


Gegee: $g(x) = -x^2$; waar $x \leq 0$

- (a) Skryf die vergelyking van die inverse van g , g^{-1} in die vorm $h(x) = \dots$
 (b) Skets die grafiek van g , h en $y = x$ op dieselfde assestelsel.

OPLOSSING

(a) $y = -x^2$
 $x = -y^2$
 $-x = y^2$
 $\pm\sqrt{-x} = y$
 $-\sqrt{-x} = y$; waar $x \leq 0$
 $\therefore h(x) = -\sqrt{-x}$

(b)



Inverse funksie : Eksponensiaal:

$$y = b^x; (b > 0, b \neq 1)$$

Voorbeeld 4


Gegee: $f(x) = 2^x$

- (a) Bepaal f^{-1} in die vorm $y = \dots$
- (b) Skets die grafieke van $f(x)$, $f^{-1}(x)$ en $y = x$ op dieselfde assestelsel.
- (c) Skryf die gebied en terrein van $f(x)$ en $f^{-1}(x)$ neer.

Oplossing

- (a) Die inverse van die eksponentiale funksie $y = 2^x$ is $x = 2^y$ wat dan geskryf kan word as $y = \log_2 x$

b)



- c) Die gebied en terrein van $f(x)$

Gebied: $x \in \mathbb{R}$

Terrein: $y > 0$

Die gebied en terrein van $f^{-1}(x)$


Gebied: $x > 0$

Terrein: $y \in \mathbb{R}$

AFDELING 6: KOMBINASIES

Neem kennis van die volgende wanneer met kombinasies van funksies gewerk word:

Beskou die grafieke van f en g hieronder




Vir $f(x) > 0$ of $f(x) < 0$	Vir $f(x) > g(x)$ of $f(x) < g(x)$	Vir $f(x) \cdot g(x) > 0$ of $f(x) \cdot g(x) < 0$
Fokus op die x - as. $f(x) > 0$ beteken waar die grafiek van $f(x)$ positief is, wat bokant die x - as sal wees. En $f(x) < 0$ beteken waar die grafiek van $f(x)$ negatief is, wat onder die x - as sal wees.	$f(x) > g(x)$ beteken waar die grafiek van $f(x)$ bo die grafiek van $g(x)$ is. En $f(x) < g(x)$ beteken waar die grafiek van $f(x)$ onder die grafiek van $g(x)$ is.	$f(x) \cdot g(x) > 0$ beteken waar die produk van $f(x)$ en $g(x)$ positief is. En $f(x) \cdot g(x) < 0$ beteken waar die produk van $f(x)$ en $g(x)$ negatief is.

Voorbeeld 1

VRAAG 5

Die grafieke van $f(x) = x^2 - 4$ en $g(x) = -x + 2$ is hieronder geskets. A en B is die x -afsnitte van f . C en D is die y -afsnitte van f en g onderskeidelik. K is 'n punt op g sodat $BK \parallel x$ -as. f en g sny by A en E.



5.1 Skryf die koördinate van C neer.

5.2. Skryf die koördinate van D neer.

5.3 Bepaal die lengte van CD.

5.4 Bereken die koördinate van B.

5.5 Bepaal die koördinate van E, 'n snypunt van f en g .

5.6 Vir watter waarde(s) van x is:

5.6.1 $f(x) < g(x)$

5.6.2 $f(x) \cdot g(x) \geq 0$

5.7 Bereken die lengte van AK.


OPLOSSINGS
VRAAG 5

5.1	$C(0 ; -4)$
5.2	$D(0 ; 2)$
5.3	$CD = 2 - (-4)$ $CD = 6 \text{ units/eenhede}$
5.4	$x^2 - 4 = 0$ $(x - 2)(x + 2) = 0$ $x = 2 \quad x = -2$ $B(-2 ; 0)$
5.5	$x^2 - 4 = -x + 2$ $x^2 + x - 6 = 0$ $(x - 2)(x + 3) = 0$ $x = 2 \quad x = -3$ $E(-3 ; 5)$
5.6.1	$-3 < x < 2$ OR/OF $(-3 ; 2)$
5.6.2	$(-\infty ; -2] \cup \{2\}$
5.7	$K(-2 ; 4)$ $BK = 4 \text{ units/eenhede}$ $AB = 4 \text{ units/eenhede}$ $AK = \sqrt{4^2 + 4^2} \text{ (Pythagoras)}$ $= 5,66 \text{ units/eenhede}$

Voorbeeld 2

VRAAG 5

Die skets hieronder toon f en g , die grafieke van $f(x) = \frac{1}{x} - 1$ en $g(x) = ax + q$ onderskeidelik. Punte $A(-1; -4)$ en $B(3; 4)$ lê op die grafiek g . Die twee grafieke sny by punte C en D. Lyn BE is ewewydig aan die y -as geteken, met E op f .



- 5.1 Toon aan dat $a = 2$ en $q = -2$
- 5.2 Bepaal die waardes van x waarvoor $f(x) = g(x)$.
- 5.3 Vir watter waardes van x is $g(x) \geq f(x)$?
- 5.4 Bereken die lengte van BE.
- 5.5 Skryf 'n vergelyking van h neer, as $h(x) = f(x) + 3$

OPLOSSINGS


5.1	$a = \text{gradient of } g$ $= \frac{-4 - 4}{-1 - 3}$ $= 2$ $4 = 2(3) + q$ $q = -2$ $g(x) = 2x - 2$
5.2	$\frac{1}{x} - 1 = 2x - 2$ $\frac{1}{x} = 2x - 1$ $1 = 2x^2 - x$ $2x^2 - x - 1 = 0$ $(2x + 1)(x - 1) = 0$ $x = -\frac{1}{2} \quad \text{or} \quad x = 1$

5.3	$-\frac{1}{2} \leq x < 0 \quad \text{or/of} \quad x \geq 1$ OR/OF $\left[-\frac{1}{2}; 0\right) \cup [1; \infty)$
5.4	$f(3) = \frac{1}{3} - 1$ $= -\frac{2}{3}$ Length of BE = $4 - f(3)$ $= 4 - \left(-\frac{2}{3}\right)$ $= 4 + \frac{2}{3}$ $= 4\frac{2}{3}$ OR/OF $\text{BE} = 2x - 2 - \frac{1}{x} + 1$ $= \frac{2x^2 - x - 1}{x}$ $(x=3) \text{ BE} = \frac{2(3)^2 - (3) - 1}{3}$ $= \frac{18 - 4}{3}$ $= 4\frac{2}{3}$
5.5	$h(x) = f(x) + 3$ $h(x) = \frac{1}{x} + 2$

Voorbeeld 3

VRAAG 1

Die grafieke van $f(x) = 2x^2 + 4x - 6$ en $g(x) = a^x$ word in die skets hieronder voorgestel. A en B is die x-afsnitte van f en R is die draaipunt van f . Die punt $C(-2; 4)$ is 'n punt op die grafiek van g .



- 1.1 Toon aan dat $a = \frac{1}{2}$.
- 1.2 Bepaal die lengte van AB .
- 1.3 Bepaal die lengte van SR .
- 1.4 Skryf die vergelyking van h neer, as h die refleksie van f in die y -as is. Druk jou antwoord in die vorm $h(x) = a(x + p)^2 + q$ uit.
- 1.5 Skryf die vergelyking van g^{-1} in die vorm $y = \dots$.
- 1.6 Skets die grafiek van $y = g^{-1}(x)$ op 'n assestelsel.
- 1.7 Bepaal die waardes van x waarvoor:
 - 1.7.1 $g^{-1}(x) \geq -2$

OPLOSSINGS

1.1

$$y = a^x$$

$$\therefore 4 = a^{-2}$$

$$\therefore 4 = \frac{1}{a^2}$$

$$\therefore 4a^2 = 1$$

$$\therefore a^2 = \frac{1}{4}$$

$$\therefore a = \frac{1}{2}$$

1.2

$$0 = 2x^2 + 4x - 6$$

$$\therefore 0 = x^2 + 2x - 3$$

$$\therefore 0 = (x+3)(x-1)$$

$$\therefore x = -3 \text{ or } x = 1$$

$$\therefore AB = 4 \text{ eenhede}$$

1.3

$$x_R = -\frac{4}{2(2)} = -1$$

$$\therefore y_R = 2(-1)^2 + 4(-1) - 6 = -8$$

$$\therefore SR = 8 \text{ eenhede}$$

Alternatiewelik:

$$f'(x) = 4x + 4$$

$$\therefore 0 = 4x + 4$$

$$\therefore x = -1$$

1.4

$$h(x) = 2(x-1)^2 - 8$$


1.5

$$y = \left(\frac{1}{2}\right)^x$$


$$\therefore x = \left(\frac{1}{2}\right)^y$$

$$\therefore y = \log_{\frac{1}{2}} x$$

1.6



1.7.1



$$\log_{\frac{1}{2}} x = -2$$


$$\therefore x = \left(\frac{1}{2}\right)^{-2} = 4$$

$$\therefore g^{-1}(x) \geq -2 \text{ vir alle } 0 < x \leq 4$$

Voorbeeld 4

VRAAG 1

In die diagram hieronder, sny die grafiek van $f(x) = \frac{a}{x+p} + q$ die y -as by -3 en die x -as by A. Die grafiek van $g(x) = m(x+n)^2 + c$ sny f by A, sny die y -as by -3 en het 'n draaipunt by B(2;1).



Bepaal:

- 1.1 die vergelyking van f .
- 1.2 die vergelyking van g .
- 1.3 die lengte van OA.
- 1.4 die waardes van x waarvoor $f(x) \cdot g(x) \leq 0$.

OPLOSSINGS

1.1

$$y = \frac{a}{x-2} - 2$$

Vervang: (0 ; -3) :

$$-3 = \frac{a}{0-2} - 2$$

$$\therefore -1 = \frac{a}{-2}$$

$$\therefore a = 2$$

$$\therefore f(x) = \frac{2}{x-2} - 2$$

1.2

$$y = m(x-2)^2 + 1$$

Vervang: (0 ; -3):

$$\therefore -3 = m(0-2)^2 + 1$$

$$\therefore -4 = m(-2)^2$$

$$\therefore -4 = 4m$$

$$\therefore m = -1$$

$$\therefore g(x) = -(x-2)^2 + 1$$

1.3

$$0 = \frac{2}{x-2} - 2$$

$$\therefore 0 = 2 - 2(x-2)$$

$$\therefore 0 = 2 - 2x + 4$$

$$\therefore 2x = 6$$

$$\therefore x = 3$$

$$\therefore OA = 3 \text{ eenhede}$$

Alternatiewelik:

$$0 = -(x-2)^2 + 1$$

$$\therefore (x-2)^2 = 1$$

$$\therefore x^2 - 4x + 4 = 1$$

$$\therefore x^2 - 4x + 3 = 0$$

$$\therefore (x-1)(x-3) = 0$$

$$x = 1 \text{ or } x = 3$$

$$\therefore OA = 3 \text{ eenhede}$$

1.4

$$f(x).g(x) \leq 0 \text{ vir alle}$$

$$1 \leq x < 2 \text{ of } x = 3$$

AFDELING 7: DIE GEMIDDELDE GRADIËNT TUSSEN TWEE PUNTE


Die **gemiddelde gradiënt** van 'n funksie tussen twee punte word gedefinieer as die **gradiënt van die lyn** wat die twee punte verbind.

Voorbeeld

Die skets hieronder is die grafiek van $f(x) = 2 \cdot b^{x+1} + q$

Die grafiek van f gaan deur die punte $A(1; 20)$ en $B(-1; y)$

Die lyn $y = 2$ is 'n asimptoot van f



1. Toon aan dat die vergelyking van f , $f(x) = 2(3)^{x+1} + 2$ is.
2. Bereken die y-koördinaat van die punt B.
3. Bepaal die gemiddelde gradiënt van die kurwe tussen punte A en B.

OPLOSSINGS

1.

$$q = 2$$
$$f(x) = 2 \cdot b^{x+1} + 2$$
$$20 = 2 \cdot b^{1+1} + 2$$
$$18 = 2 \cdot b^2$$
$$9 = b^2$$
$$b = 3$$
$$f(x) = 2 \cdot 3^{x+1} + 2$$

2.

$$y = 2 \cdot 3^{-1+1} + 2$$
$$y = 2 \cdot 1 + 2$$
$$y = 4$$

3.

$$m = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$$
$$= \frac{20 - 4}{1 - (-1)}$$
$$= 8$$

AFDELING 8: AKTIWITEITE VAN FUNKSIES EN GRAFIEKE

AKTIWITEIT 1

VRAAG 4

4.1 Gegee die funksie $p(x) = \left(\frac{1}{3}\right)^x$.

4.1.1 Is p 'n stygende of dalende funksie? (1)

4.1.2 Bepaal p^{-1} , die inverse van p , in die vorm $y = \dots$ (2)

4.1.3 Skryf die definisieversameling van p^{-1} neer. (1)

4.1.4 Skryf die vergelyking van die asimptoot van $p(x) - 5$ neer. (1)

4.2 Gegee: $f(x) = \frac{4}{x-1} + 2$

4.2.1 Skryf die vergelyking van die asimptote van f neer. (2)

4.2.2 Bereken die x -afsnit van f . (2)


4.2.3 Teken die grafiek van f , en dui alle asimptote en die afsnitte met die asse aan. (4)

4.2.4 Gebruik jou grafiek om die waardes van x te bepaal waarvoor $\frac{4}{x-1} \geq -2$. (2)

4.2.5 Bepaal die vergelyking van die simmetrie-as van $f(x-2)$, wat 'n negatiewe gradiënt het. (3)
[18]

VRAAG 5

Die grafieke van die funksies $f(x) = -(x+3)^2 + 4$ en $g(x) = x + 5$ is hieronder geteken. Die grafieke sny by A en B.



- 5.1 Skryf die koördinate van die draaipunt van f neer. (2)
- 5.2 Skryf die waardeversameling van f neer. (1)
- 5.3 Toon dat die x -koördinate van A en B onderskeidelik -5 en -2 is. (4)
- 5.4 Vervolgens, bepaal die waardes van c waarvoor die vergelyking $-(x+c+3)^2 + 4 = (x+c) + 5$ EEN negatiewe en EEN positiewe wortel het. (2)
- 5.5 Die maksimum afstand tussen f en g in die interval $x_A < x < x_B$ is k . Indien $h(x) = g(x) + k$, bepaal die vergelyking van h in die vorm $h(x) = \dots$ (5)
- [14]

AKTIWITEIT 2


VRAAG 4

Gegee: $g(x) = \frac{1}{x-1} + 2$

- 4.1 Skryf die vergelykings van die asimptote van g neer. (2)
- 4.2 Teken 'n grafiek van g en dui enige afsnitte met die asse en asimptote aan. (4)
- 4.3 Bepaal die waardes van x waarvoor $g(x) > 0$. (2)
- 4.4 Bepaal die vergelyking van die simmetrie-as van g wat 'n negatiewe gradiënt het. (2)
- [10]

VRAAG 5


In die diagram is die grafieke van $f(x) = \log_a x$ en g geskets. Grafiek g is die refleksie van f in die lyn $y = x$. Grafiek f gaan deur die punt $P(4; 2)$. Q is die x -afsnit van f en R is die y -afsnit van g .



- 5.1 Skryf die koördinate van P' , die beeld van P op g , neer. (2)
 - 5.2 Toon dat $a = 2$. (2)
 - 5.3 Skryf die vergelyking van g in die vorm $y = \dots$ neer. (1)
 - 5.4 T is 'n punt op f in die eerste kwadrant, met TR ewewydig aan die x -as. Bereken die oppervlakte van $\triangle RTP'$. (4)
- [9]

VRAAG 6

Die grafieke van $f(x) = x^2 - 2x - 3$ en $g(x) = mx + c$ is hieronder geskets. D en E is die x-afsnitte en P is die y-afsnit van f . Die draaipunt van f is $T(1; -4)$. Die grafieke van f en g sny mekaar by P en E.



- 6.1 Skryf die waardeversameling van f neer. (1)
 - 6.2 Bereken die koördinate van D en E. (3)
 - 6.3 Bepaal die vergelyking van g . (2)
 - 6.4 Skryf die waardes van x neer waarvoor $f(x) - g(x) > 0$. (2)
 - 6.5 Bepaal die maksimum vertikale afstand tussen h en g indien $h(x) = -f(x)$ vir $x \in [-2; 3]$. (5)
 - 6.6 Gegee: $k(x) = g(x) - n$.
Bepaal n indien k 'n raaklyn aan f is. (5)
- [18]

AKTIWITEIT 3

VRAAG 4

Gegee: $f(x) = a^x - 1$ vir $a > 0$. $B\left(2; \frac{-5}{9}\right)$ is 'n punt op f .

4.1 Bereken die waarde van a . (2)

4.2 Skryf die waardeversameling van f neer. (1)

4.3 Skets die grafiek van f . Dui die afsnitte met die asse en asimptote, indien enige, duidelik aan. (3)


4.4 Daar word verder gegee dat C 'n punt op f is by $y = \frac{19}{8}$.

Bepaal die koördinate van C' , die beeld van C , wanneer C om die lyn $y = x$ gereflekteer word. (3)
[9]

VRAAG 5

Hieronder is die grafiek van $f(x) = \frac{a}{x+p} + q$ geskets met die definisieversameling $(-\infty; 1) \cup (1; \infty)$.

Die grafiek van f sny die y -as by $(0; 1)$. 'n Simmetrielyn van f word deur $g(x) = x - 3$ gegee.



5.1 Skryf die waarde van p neer. (1)

5.2 Bepaal die vergelyking van die horisontale asimptoot van f . (2)

5.3 Bereken die waarde van a . (2)

5.4 Vir watter waardes van x is $f(x) \geq 0$? (3)


5.5 Grafiek f transformeer na h waar:

- Die definisie- en waardeversamelings van h dieselfde as dié van f is
- $h'(x)$, die afgeleide van h , negatief in die definisieversameling daarvan is

Beskryf 'n moontlike transformasie wat f kon ondergaan het om na h te lei. (2)
[10]

VRAAG 6

In die diagram hieronder is die grafieke van $f(x) = -x^2 + 4x + 5$ en g , 'n reguitlyn, geskets. $C(3; 8)$ is 'n snypunt van f en g . EH is ewewydig aan die y -as getrek, met E 'n punt op f en H 'n punt op g .



6.1 Bereken die koördinate van B , die draaipunt van f . (3)

6.2 Toon dat die vergelyking van die lyn deur A en C deur $g(x) = 2x + 2$ gegee word. (3)

6.3 Bereken die maksimum lengte van EH vir $f > g$. (4)

6.4 Gegee: $k(x) = f(x + m) = -x^2 - 2mx - m^2 + 4x + 4m + 5$


Bepaal die waarde van m sodat g 'n raaklyn aan k is. (5)
[15]

AKTIWITEIT 4

VRAAG 6

Die grafiek van $f(x) = ax^2$, $x \leq 0$ is hieronder geskets.

Die punt $P(-6; -8)$ lê op die grafiek van f .



- 6.1 Bereken die waarde van a . (2)
- 6.2 Bepaal die vergelyking van f^{-1} , in die vorm $y = \dots$ (3)
- 6.3 Write down the range of f^{-1} (1)
- 6.4 Teken die grafiek van f^{-1} , toon die koördinate van 'n punt op die grafiek anders as $(0; 0)$. (2)
- 6.5 Die grafiek van f is die refleksie van in die lyn $y = x$ en daarna word dit gereflekteer in die x -as. Bepaal die vergelyking van die nuwe funksie in die vorm $y = \dots$ (3)

[11]

BYLAAG A

INLICHTINGSBLAD

$$x = \frac{-b \pm \sqrt{b^2 - 4ac}}{2a}$$

$$A = P(1 + ni)$$

$$A = P(1 - ni)$$

$$A = P(1 - i)^n$$

$$A = P(1 + i)^n$$

$$T_n = a + (n - 1)d$$

$$S_n = \frac{n}{2} [2a + (n - 1)d]$$

$$T_n = ar^{n-1}$$

$$S_n = \frac{a(r^n - 1)}{r - 1} ; \quad r \neq 1$$

$$S_\infty = \frac{a}{1 - r} ; \quad -1 < r < 1$$

$$F = \frac{x[(1 + i)^n - 1]}{i}$$

$$P = \frac{x[1 - (1 + i)^{-n}]}{i}$$

$$f'(x) = \lim_{h \rightarrow 0} \frac{f(x + h) - f(x)}{h}$$

$$d = \sqrt{(x_2 - x_1)^2 + (y_2 - y_1)^2}$$

$$M\left(\frac{x_1 + x_2}{2}, \frac{y_1 + y_2}{2}\right)$$

$$y = mx + c$$

$$y - y_1 = m(x - x_1)$$

$$m = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$$

$$m = \tan \theta$$

$$(x - a)^2 + (y - b)^2 = r^2$$

$$\text{In } \triangle ABC: \frac{a}{\sin A} = \frac{b}{\sin B} = \frac{c}{\sin C} \quad a^2 = b^2 + c^2 - 2bc \cos A \quad \text{area } \triangle ABC = \frac{1}{2} ab \sin C$$

$$\sin(\alpha + \beta) = \sin \alpha \cos \beta + \cos \alpha \sin \beta$$

$$\sin(\alpha - \beta) = \sin \alpha \cos \beta - \cos \alpha \sin \beta$$

$$\cos(\alpha + \beta) = \cos \alpha \cos \beta - \sin \alpha \sin \beta$$

$$\cos(\alpha - \beta) = \cos \alpha \cos \beta + \sin \alpha \sin \beta$$

$$\cos 2\alpha = \begin{cases} \cos^2 \alpha - \sin^2 \alpha \\ 1 - 2\sin^2 \alpha \\ 2\cos^2 \alpha - 1 \end{cases}$$

$$\sin 2\alpha = 2 \sin \alpha \cos \alpha$$

$$\bar{x} = \frac{\sum x}{n}$$

$$\sigma^2 = \frac{\sum_{i=1}^n (x_i - \bar{x})^2}{n}$$

$$P(A) = \frac{n(A)}{n(S)}$$

$$P(A \text{ or } B) = P(A) + P(B) - P(A \text{ en } B)$$

$$\hat{y} = a + bx$$

$$b = \frac{\sum (x - \bar{x})(y - \bar{y})}{\sum (x - \bar{x})^2}$$

BYLAAG B

3. UITBREIDING VAN INHOUD/ONDERWERPE

Die doel van die verduideliking van die onderwerpe is om die onderwyser leiding te gee ten opsigte van die vlak en omvang van die onderwerpe wat vir eksamendoeleindes nodig is. Integrasie van onderwerpe word aangemoedig aangesien leerders Wiskunde as 'n holistiese dissipline moet sien. Dus kan vrae wat verskillende onderwerpe integreer, gevra word.

FUNKSIES

1. Kandidate moet in staat wees om funksie-notasie te gebruik en te interpreteer. In die onderrigproses moet leerders verstaan hoe $f(x)$ getransformeer moet word om $f(-x)$, $-f(x)$, $f(x+a)$, $af(x)$ en $x=f(y)$, waar $a \in R$, te verkry.
2. Trigonometriese funksies sal SLEGS in VRAESTEL 2 voorkom.



BIBLIOGRAFIE

1	KABV Dokument
2	Eksamenriglyne
3	DBE November 2008 – 2024 Vraestelle
4	DBE Junie en Feb/Mar 2009 – 2024 Vraestelle
5	“Mind The Gap” Studiegids
6	Mind Action Series Handboek
7	JENN 2022 – 2024 Handleidings



JENN

Training and Consultancy

The path to enlightened education

VAK: WISKUNDE

GRAAD 12



KWARTAAL 2

ONDERWYSER EN LEERDER INHOUDSHANDLEIDING

ONDERWERP

TRIGONOMETRIE

IKOON BESKRYWING

 BREINKAART	 EKSAMEN RIGLYN	 INHOUD	 AKTIWITEITE
 BIBLIOGRAFIE	 TERMINOLOGIE	 UITGEWERKTE VOORBEELDE	 STAPPE



INHOUD

BLADSY

<u>AFDELING 1:</u> ○ Eksamenriglyn en uitkomste ○ Diagnostiese verslag aanbevelings ○ Belangrike terme en definisies	4 – 6
<u>AFDELING 2: Trigonometriese Verhoudings, Cartesiesevlak en Identiteite</u> ○ Content and Worked examples. ○ Activities	7 – 26
<u>AFDELING 3: Reduksie Formules</u> ○ Inhoud en Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite	27 – 33
<u>AFDELING 4: Trigonometriese Funksies</u> ○ Inhoud en Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite	34 – 39
<u>AFDELING 5: Trigonometriese Vergelykings</u> ○ Inhoud en Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite	40 – 46
<u>AFDELING 6: Bibliografie</u>	47

AFDELING 1: BELEID



Beleidriglyne (uitkomste): TRIGONOMETRIE

A	B	C
(a) Definisie van die trigonometriese verhoudings $\sin\theta$, $\cos\theta$ en $\tan\theta$ in reghoekige driehoeke. (b) Brei die definisies van $\sin\theta$, $\cos\theta$ en $\tan\theta$ uit tot $0^\circ \leq \theta \leq 360^\circ$ (c) Lei af en gebruik waardes van die trigonometrieseverhoudings (sonder gebruik van 'n sakrekenaar vir die spesiale hoeke $\theta \in \{0^\circ; 30^\circ; 45^\circ; 60^\circ; 90^\circ\}$) (d) Definieer die resiproke van die trigonometriese verhoudings.	(a) Lei af en gebruik die identiteite: $\tan \theta = \frac{\sin \theta}{\cos \theta}$ en $\sin^2 \theta + \cos^2 \theta = 1$ (b) Lei die reduksieformules af. (c) Bepaal die algemene oplossing en/of die spesifieke oplossings van trigonometriese vergelykings. (d) Bepaal die sinus, kosinus en area-reëls.	Bewys en gebruik die saamgestelde en dubbelhoekidentiteite.
Los probleme in tweedimensionele figure op.	Los probleme in tweedimensionele figure op.	Los probleme in twee- en driedimensionele figure op.

(BRON: KURRIKULUM EN ASSESSERING BELEIDSVERKLARING (KABV) VOO-fase GRAAD 10 – 12 WISKUNDE)

Konsepte en punte toekenning:

Konsep(te)	Graad	Punte
Trigonometrie : Oplossing van driehoeke en Identiteite	10,11 & 12	±12
Trigonometrie : Reduksie Formule en Vergelykings	10,11 & 12	±18
Trigonometrie : Grafieke	10 &11	±12
Trigonometrie : 2D en 3D	10,11 & 12	±8
TOTAAL		50

Diagnostieseverslag aanbevelings:

- Wanneer reghoekige driehoeke opgelos word, gebruik Stelling van Pythagoras om al die sye te bepaal sadat trigonometriese verhoudings toegepas kan word: x , y en r .
- Onderwyser moet verduidelik die reduksie van ko-funksies met betrekking tot die kwadrante.
- Algemene oplossing moet verduidelik word met gebruik van verwysingshoek om die waarde van die verlangde hoeke te vind. Verduidelik wanneer en hoekom die oplossing algemeen is en wanneer nie. .
- Onderrig moet analisering en interpretasie van grafieke beskou.
- Identifiseer driehoeke met 'n diagram() en klassifiseer as volg:
 - ✓ Reghoekige driehoeke – Trig verhoudings en Pythagoras
 - ✓ Oppervlaktereël – wanneer die woord “oppervlakte genoem word
 - ✓ cosinusreël – wanneer drie sye van 'n driehoek gegee word of twee sye met 'n ingeslote hoek
 - ✓ sinusreël – enige voorwaarde wat nie die cosinusreël bevredig nie.

T	Woord	Beskrywing / Definisie	Simbole / Formule
1	Reduksie Formules	Word gebruik om 'n hoek groter as 90^0 to verklein tot 'n skerphoek.	$90^0 \pm \theta$ $180^0 \pm \theta$ $360^0 \pm \theta$
2	Ko-funksie	Twee hoeke is komplementêr as hulle som gelyk aan 90^0 is.	$\sin \theta = \cos(90^0 - \theta)$ $\cos \theta = \sin(90^0 - \theta)$ $\sin(90^0 + \theta) = \cos \theta$ $\cos(90^0 + \theta) = -\sin \theta$
3	Trig-identiteit	Is 'n stelling van gelykheid met 'n linkerkant en kan bewys word deur sekere identiteite te gebruik wat van basiese trig-funksies afgelei word.	$\tan \theta = \frac{\sin \theta}{\cos \theta}$ $\sin^2 \theta + \cos^2 \theta = 1$ $\sin^2 \theta = 1 - \cos^2 \theta$ $\cos^2 \theta = 1 - \sin^2 \theta$
4	Beperking	'n Identiteit is waar vir alle waardes van 'n veranderlike behalwe vir daardie waardes waarvoor die identiteit nie gedefinieerd is of ongedefinieerd is	
5	Algemene Oplossing	Om alle hoeke te vind (ook groter as 360^0 en kleiner as 0^0) wat die vergelyking sal bevredig.	As dit die sinus- of cosinus-funksie is, tel by $k \cdot 360^0, k \in \mathbb{Z}$ en as dit 'n tan-funksie, tel by $k \cdot 180^0, k \in \mathbb{Z}$
6	Saamgestelde hoeke	Die trigonometriese identiteite $\cos(A - B) = \cos A \cos B + \sin A \sin B$ $\cos(A + B) = \cos A \cos B - \sin A \sin B$ $\sin(A - B) = \sin A \cos B - \sin B \cos A$ $\sin(A + B) = \sin A \cos B + \sin B \cos A$	
7	Dubbelhoeke	Trigonometriese verhouding van $2 \times$ 'n hoek	$\cos 2A = \cos^2 A - \sin^2 A$ $\cos 2A = 1 - 2 \sin^2 A$ $\cos 2A = 2 \cos^2 A - 1$ $\sin 2A = 2 \sin A \cos A$
8	Periode	As 'n sinus, cosinus, of tan grafiek 'n volle siklus voltooi in 'n sekere interval, gemeet in grade.	sinus en cosinus grafieke: $\frac{360^0}{b}$
9	Amplitude	Dit is $\frac{1}{2}$ afstand tussen die maksimum en minimum y-waarde van die grafiek en is altyd 'n positiewe waarde.	

10	Oplossing van 'n driehoek	As 'n driehoek nie reghoekig is nie, kan enige sye en hoeke bepaal word deur die sinus-, cosinus- en oppervalktereëls. Die driehoek kan opgelos word indien 3 waardes gegee word. sinusreël: $s \ s \ \angle ; \angle \angle \ s$ cosinusreël: $s \ \angle \ s ; \ s \ s \ s$ oppervlaktereël: $s \ \angle \ s$	Sinusreël: $\frac{\sin A}{a} = \frac{\sin B}{b} = \frac{\sin C}{c}$ Cosinusreël: $b^2 = a^2 + c^2 - 2.a.c.\cos A$ Oppervlaktereël: $\text{Area } \triangle ABC = \frac{1}{2}ab \sin C$
----	---------------------------	--	---

AFDELING 2: Trigonometriese Verhoudings, Cartesiesevlak en Identiteite



Trigonometriese Verhoudings en Identiteite

Inhoud en uitgewerkte voorbeelde:

Daar is drie spesiale verhoudings in die studie van Trigonometrie, naamlik sinus, cosinus en tan-verhoudings. Hierdie verhoudings word op reghoekige driehoeke toegepas. Hulle verteenwoordig die verhouding tussen die sye en hoeke.

Ons kan sinus, cosinus en tan soos volg definieer.

1.


$$\text{Sinus van 'n hoek } \theta = \frac{\text{lengte van die oorstaande sy}}{\text{lengte van die skuinssy}}$$
$$\therefore \sin \theta = \frac{\text{oorstaande}}{\text{skuinssy}}$$

2.

$$\text{Cosinus van 'n hoek } \theta = \frac{\text{lengte van die aangrensende sy}}{\text{lengte van die skuinssy}}$$
$$\therefore \cos \theta = \frac{\text{aangrensend}}{\text{skuinssy}}$$

3.

$$\text{Tan van 'n hoek } \theta = \frac{\text{lengte van die oorstaande sy}}{\text{lengte van die aangrensende sy}}$$
$$\therefore \tan \theta = \frac{\text{oorstaande}}{\text{aangrensende}}$$



Reghoekige driehoeke


Hierdie driehoeke is fundamenteel tot die study van trigonometrie. In vroeër grade was jy aan die Stelling van Pythagoras voorgestel, wat die verhouding tussen die dries ye van 'n reghoekige driehoek beskryf.

Vanaf die Stelling van Pythagoras:



$$c^2 = a^2 + b^2$$

$$a^2 = c^2 - b^2$$

$$b^2 = c^2 - a^2$$




Verder, is die byskrifte van die drie sye – **aangrensend**, **oorstaande** en **skuinssy**. Die langste sy (teenoor die regtehoek) word die skuinssy genoem. Die oorstaande en aangrensende sye is afhanklik van watter hoek as verwysingshoek gebruik word.



Cartesiese vlak

In 'n cartesiese vlak word die Trigonometriese verhoudings soos volg gedefinieer:




$$\sin \theta = \frac{y}{r}$$

$$\cos \theta = \frac{x}{r}$$

$$\tan \theta = \frac{y}{x}$$

Die hoek wat gevorm word sal die teken van elke trigonometriese funksie in daardie kwadrant bepaal.

- Alle trigonometriese funksies is positief in die eerste kwadrant.
- $\sin \theta$ is positief in die tweede kwadrant en $\tan \theta$ en $\cos \theta$ is negatief.
- $\tan \theta$ is positief in die derde kwadrant en $\sin \theta$ en $\cos \theta$ is negatief.
- $\cos \theta$ is positief in die vierde kwadrant en $\sin \theta$ en $\tan \theta$ is negatief.



Die volgende diagramme sal ons wys hoe om ons reghoekige driehoeke in die verskillende kwadrante te teken.

1 ^{ste} Kwadrant	2 ^{de} Kwadrant
3 ^{de} Kwadrant	4 ^{de} Kwadrant

Uitgewerkte voorbeeld 1

Bepaal die kwadrant wat die volgende voorwaardes bevredig en teken die akkurate driehoek.

- $\sin \theta < 0$ en $90^\circ < \theta < 270^\circ$.
- $\cos \theta > 0$ en $\tan \theta < 0$
- $7 \tan \theta + 3 = 0$ en $\theta \in [90^\circ; 270^\circ]$

Oplossings

- $\sin \theta < 0$ en $90^\circ < \theta < 270^\circ$.


Stap 1:

→ gebruik voorwaardes om die kwadrante te identifiseer en merk die met verskillende simbole op die Cartesiese vlak.

Sin is negatief in die 3^{de} en 4^{de} kwadrante.


Hierdie interval verteenwoordig die 2^{de} en 3^{de} kwadrante

Gegee dat $\sin \theta < 0$ en $90^\circ < \theta < 270^\circ$.



Waar X die kwadrant voorstel, wat ons van sin kon aflei en die ✓ is vanaf die interval. Ons kan sien dat in die 3^{de} kwadrant beide voorwaardes bevredig word, vervolgens is die terminale arm in die 3^{de} kwadrant.

→ Voltooi die reghoekige driehoek.




b. $\cos \theta > 0$ en $\tan \theta < 0$

cos is positief in die 1^{ste} en die 4^{de} kwadrante.


tan is negatief in die 2^{de} en die 4^{de} kwadrante

Gegee dat $\cos \theta > 0$ en $\tan \theta < 0$.



Waar X die kwadrante voorstel wat ons vanaf $\cos$ verkry en die ✓ die kwadrante voorstel wat ons vanaf $\tan$ verkry. Ons neem waar dat die 4^{de} kwadrant beide voorwaardes bevredig, vervolgens sal die terminale arm in die 4^{de} kwadrant wees.

⇒ Voltooi die reghoekige driehoek.



